

PREEK
27 AUGUSTUS 2018

TEKS: Spreuke 1-7

TEMA: Koffiegesprekke met my kind

Die digitale wêreld waarin ons vandag kinders grootmaak, verskil van die tyd toe ons as ouers en grootouers self kinders was. Vandag word ons kinders reeds so vroeg as voorskools blootgestel aan inligting waaraan die meeste van ons as ouers geslag, toe ons hulle ouderdom gehad het, salig onbewus was. Deur middel van selfoon-toepassings kan hulle feitlik enige digitale platform besoek en oor enige onderwerp onder die son inligting bekom – goed of sleg. Dit ontbreek ons kinders nog aan onderskeidingsvermoëns. Hulle is dikwels naïef en verstaan nie waarom ons waarsku nie. As iets via google toeganklik is, kan daar mos niks gevaarliks aan wees nie. Wat beskikbaar is, moet en kan gebruik word. Met 'n "anything goes" – ingesteldheid kan jy maklik "thinners" vir water aansien en jou rieme lelik styf loop.

Ons kinders het leiding nodig. As ouers is ons hul afrigters. Die vensterperiode wat ons in dié verband gegun word, gaan vinnig verby. Om optimaal suksesvol te wees met ons afrigterskap as ouers is daar enkele merkers wat ons slegs noem alvorens ons by die Spreukedigter kers opsteek oor dié saak.

- Ouer-leiding sonder basis van 'n diepgewortelde **liefdes- en vertrouensverhouding** is gedoem. Die Spreukedigter (1-7) gebruik die aanspreekvorm "**my** seun/dogter". Dit is innig en liefdevol. Wat gekommunikeer word, geskied in 'n gees van omgee. Waar omgee-liefde floreer, verdwyn vrees. In sy brief aan die kerk skryf Johannes:
"Waar liefde is, is daar geen vrees, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want wie vrees ver wag straf, en wie nog vrees het, het nie volmaakte liefde nie" (1 Joh 4:18)
- Ouer-leiding **hou rekening met 'n kind se vrae, vrese, behoeftes en vermoëns**. As ouers sal ons daarvan slegs weet as ons ore luister-fluks en oë dit was nie gesê word nie. (Lyftaal, verbale taal) raaksien. Maak baie seker dat dit wat jy hoor dit is wat die kind bedoel. Kinders sukkel soms om die regte woorde te vind. Misverstande moet daarom uit die weg geruim word.

Voorbeeld: Die seuntjie (3 jaar oud) vra vir sy ma: "waar kom ek vandaan?" Toe sy ma na 'n lang ompad die hele biologie verduidelik het, kom sy agter dat hy eintlik bedoel: "van watter dorp kom ek?" Nie-verbale taal of lyftaal word deur die oë waargeneem en geleerdes sê dat dié soort taal ongeveer 80% van wat iemand nie met woorde sê, verteenwoordig. Gesigsuitdrukings, liggaamshouding, hand-/vingerbeweging is naas stemtoon (=verbaal) belangrike nie-verbale "kommentators" van die persoon, in hierdie geval my kind, se emosionele en gedagte wêreld.

- Om dit te kan doen moet ons **tyd** maak vir ons kind. Dit is, so kla ons maklik, 'n uiters skaars artikel. As ons egter mooi daarvoor nadink, besef ons dat ons almal 24 uur per dag ontvang. En ons maak tyd vir dit wat ons belangrik ag en waarvan ons hou. Wat en wie is belangriker as ons kinders? Hulle verdien kwaliteit tyd. Daarmee bedoel ons nie die hoeveelheid tyd ek met my kind spandeer, maar hoe waardevol die tyd wat ek wel spandeer, is.
- Maar ouer-leiding verg ook **kennis**- kennis van my kind in sy/haar lewensfase sowel as kennis van die wêreld waarin hy/sy grootword. Vandag kan geen ouer sê hy/sy weet nie. Inligting oor enige onderwerp is in jou handpalm via selfoon – google beskikbaar.

Die Spreukedigter (veral Spr 1-7) is 'n gesprek tussen 'n lewensafri gter en sy student. In ons gesprek dié tussen is ouer en sy/haar kind. Hoewel dit eeue voor die digitale wêreld waarin ons ons kinders

vandag grootmaak, afspeel, is die onderwerpe tydloos – steeds relevant vir vandag. Hier vind ons Goddelike leiding vir ons Goddelike roeping as ouers.

Die algemene tema wat deurlopend deur die sewe hoofstukke gebruik word, is: **Die pad van die lewe**. Verskeie subtemas word bespreek. Vir ons gesprek fokus on op drie aktuele onderwerpe:

1. Die **vriende** wat ek kies
2. **Seksvoorligting**
3. **God-mens (=kind) verhouding**

Ten slotte fokus on op die **uitkomst** van ons koffiegesprekke met ons kind.

1. **Vriendskapskeuse.** (Spr 1:10-19; 2: 12-15; 4: 14-19 ens.)

Die sosiale behoefte aan portuurgroep-vriendskap is normaal en noodsaaklike vir ons vorming en ontwikkeling (Spr 17:11). Alle mense deel ongelukkig nie dieselfde beginsels en waardes nie. Die Spreukedigter plaas mense breedweg in twee groepe naamlik sondaars (dié wat op die pad van die wêreld is) en regverdiges (die wat op God se pad is). Kinders, so het ons reeds gesê, is dikwels naïef, beïnvloedbaar en swig maklik onder groepsdruk. Word hy/sy te vroeg aan slegte geselskap blootgestel, kan dit lei tot die aanleer van slegte gewoontes en gedrag. Dit is daarom belangrik dat ouers hul kinders hierin sal begelei. Toestemming om by maatjies te speel/uit te slaap, moet slegs gegee word as jy die ouers van die maatjies goed genoeg ken. Soos wat die kind ouer word, verslap jy dié reëling met dien verstande dat daar 'n eerlike, deursigtige en vrymoedige openhartigheid tussen jou en jou kind bestaan waarin hy/sy enigiets wat ongemaklik is, met jou kan deel. Stel belang waar hulle oral was en wat hulle gedoen het sonder om speurderagtig te klink en die indruk te skep dat jy niemand vertrou nie. Met die keuse van ons eie vriende modelleer ons vir ons kind die standaard vir vriendskapskeuses.

2. **Seksvoorligting** (Spr. 2: 16-22, 5: 3-33; 6: 24-35).)

Seksvoorligting begin vanaf geboorte – nie dan al in feite nie, maar in die bou van 'n verhouding waar liefde, respek en vertroue die weg tot sulke latere gesprekke voorberei. Saam bad/stort met jou baba/peuter skep 'n konteks waar seksualiteit beleef word as iets normaal en mooi soos saam eet en speel. Daar is niks waarvoor jy skaam hoef te wees. Soos die kind ouer word, skei die paaie en respekteer ons mekaar se behoefte aan privaatheid. Wanneer jou kind in sy/haar pubertydsjare kom en seksueel ontwaak, praat ons openhartig oor hoe jy verantwoordelik omgaan met jou seksdrange, die gevare van losbandigheid en die noodsaaklikheid van selfbeheersing. Om sulke diep privaat sake vrymoedig en openhartig te praat, is slegs moontlik as daar 'n oop vertrouensband oor al die grootwordjare tussen ouer en kind gesmee is.

* Stel die hoë ideaal van maagdelikheid vir seuns/dogters.

* Trek die grense van slaapkamers as “no go zones” vir maats van die teenoorgestelde geslag....

* Bepaal inkomtye en pas aan soos die kinders ouer word.

* Maak jou huis die plek waar jou kind met sy/haar vriende graag wil kuier.

Ouers se hantering van mekaar as man en vrou stel die standaard van hoe hul kinders teenoor die teenoorgestelde geslag gaan optree. En onthou jy dat jy as afrigter van jou seun hom voorberei om die man te word van iemand anders se dogter en dat jy jou dogter voorberei om die vrou van iemand anders se seun te word.

3. Die pad-langs gesprekke met ons kind het ewigheidswaarde as dit binne die raamwerk van **“dien die Here”** plaasvind. Met dié uitdrukking verwoord die Spreukedigter dit wat ons as gemeente met “In Jesus se voetspore” bedoel. As ouers self die Here nie liefhet en

gehoorsaam in Jesus se voetspore trap nie, volg hul kinders die voetpaadjies van die wêreld. Van kleinsaf leer ek my kind dat hy/sy God s'n is. Die voorreg deleger ek nooit, maar koester dit jaloers en benut elke geleentheid om van Sy goedheid te getuig (Deutr. 6: 7-9). Dit is juis vanuit 'n persoonlike verhouding met Jesus dat my keuse van vriende en my hantering van my seksualiteit op 'n ander lees geskoei is as die van die wêreld.

4. Met al ons ouer-kind gesprekke hoorp ons biddend dit die gewenste **effek** sal hê. Ouerleiding is immers meer as net informasie – oordrag. Kennis-oordrag moet uiteindelik tot insig, begrip, en lewensveranderende gedrag lei. Wanneer ouer-leiding tot lewenswandel in die voetspore van Jesus lei, is die opvoedingsdoel en -sirkel voltooi. Die woord wysheid verwoord dit, want wysheid is die effek/uitkoms van alle opvoeding. Jy is wys wanneer jy in alles met God se wil rekening hou. Die Spreukedigter stel dit so:

“Dié Spreuke is bedoel om mense wysheid te leer en hulle te onderrig sodat hulle sal weet wanneer iemand verstandig praat. So sal hulle 'n behoorlike opvoeding ontvang en 'n sin vir regverdigheid, reg en billikheid.....(hulle) sal verstandig word.....leer om met.....oorleg op te tre.....tot dieper insig kom.....(om) **die Here te dien**”. (1: 2-7)

Wanneer leer tot lewenswandel lei, is die uitkomst onder andere:

- “dit sal jou lewe versier” (Spr 1:9; 3:22; 4:9)
- “dan sal jy weet om die Here te dien” (Spr 2:5)
- “sal jy insig kry in wat regverdig en reg onbillik is” (Spr 2:9)
- “dit sal jou weghou van die verkeerde pad af.....” (Spr. 2:12)
- “dit sal vir jou 'n lang lewe verseker” (Spr. 3:2; 4:10)
- “jy sal guns en byval vind by God en mens” (Spr 3:4)
- “dan sal jou skure vol word en jou parskuipe oorloop” (Spr 12:10) (vgl ook Spr 3:13-18)
- “die Here sal jou beskerm en sorg dat jy nie in 'n strik beland nie (3:26; 4:12, 19)...Hy sal jou seën (3:33) en vir jou goed wees (3:34)
- “dan leer jy om werklik te lewe” (Spr. 4:4, 13,22-23)
- “dit sal jou 'n man van betekenis maak” (Spr. 4:8)
- “en 'n lang lewe verseker” (Spr. 4:10)
- “dit gee leiding in wat jy doen” (Spr 6:22v)

Samevatting:

In God se plan is ons as ouers/grootouers instrumenteel om ons kinders in 'n verhouding met God te begelei. As lewensafrigters en mentors is dit ons taak om deur woord en daad te modelleer hoe jy dan vanuit dié verhouding elke terrein van die lewe benader, hoe om die regte keuses te maak, God se wil in alles te soek en uit te voer en dan God se seënende hand in jou lewe te ervaar.

AMEN